**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr | Datum | Onderwerp nr | Knipsel nr |
|---|---|---|---|
| 0 2 9 9 | 860515135 | 086 | 1773 |

**Die Vaderland** Jg. 70 Nr. ........ P. 26 Dat. 86 5 15

TREFWOORDE
1 Sasria
2 Kommentaar
3 Stygings.
4 Premies
5 Versekering
6 Risiko's
7 Politiek
8 Nywerhede
9 Statistieke
10

**Sakenuus**

# Kommer oor uitputting

EH 28

JOHANNESBURG — Die eintlike kwessie waarmee die nywerheid ten aansien van politieke-risiko-versekering te make het, is nie die onlangse premieverhogings wat deur die SA Spesiale Risikoversekeringsvereniging (Sasria) aangekondig is nie maar eerder die koers waarteen nie-nywerheidseise op Sasria se fondse ingeteer het.

"Geen makelaar hou daarvan dat premies verhoog word nie," het mnr Don Gallimore, uitvoerende direkteur van Priceforbes Federale Volkskas en voorsitter van die SA Versekeringsmakelaarsvereniging se Sasria-skakelkomitee, gesê, "maar van die kritiek op die premieverhogings strook nie met die feite nie".

Mnr Gallimore het gesê dat Sasria tussen September 1984 en Februarie 1986 R65 miljoen aan ongeveer 3 000 brandeise en 7 000 motoreise uitbetaal het.

Volgens streek is R26 miljoen in die Transvaal/OVS, R17,25 miljoen in Oos-Kaapland, R10,5 miljoen in Wes-Kaapland en R11,25 miljoen in Natal uitbetaal.

"Sasria se premie-inkomste gedurende dieselfde tydperk was na raming R150 miljoen en die grootste deel van dié geld is deur die nywerheid tot die fonds bygedra.

"Na my mening behoort daar eerder kommer te heers oor die feit dat Sasria se fondse ernstig uitgeput is as oor die premieverhogings.

Sê nou daar is 'n groot eis van 'n fabriek wat ook verlies van wins insluit? In slegs een so 'n geval kan die eis maklik R50 miljoen bedra."

Mnr Gallimore het gesê dat eisestatistieke getoon het dat dit die groot nywerhede is wat betaal vir politieke onlusskade aan die infrastruktuur van woonbuurtes en individuele en maatskappyvoertuie.

Die vernaamste verlieslyers, gegrond op die statistieke wat vir 1984 beskikbaar is, is ontwikkelingsrade 1 080 persent, kontrakwerke 307 persent, openbare nutsmaatskappye 138 persent en motorvlote (behalwe busse) 102 persent. Die werklike syfer vir busvlote is nie bekend nie maar is vermoedelik hoër as dié vir gewone motorvlote.

"Gegrond op dié syfers sou selfs 'n vyfvoudige verhoging van premies in die geval van die ontwikkelingsrade 'n verliesverhouding van ongeveer 200 persent laat.

Die premieverhogings wat Sasria verlang, is dus nie ongegrond nie en is werklik noodsaaklik om die fonds op te bou ten einde die hele nywerheid te beskerm."